

# ⋮—⋮ Koers ⋮—⋮

TWEEMAANDELIKSE TYDSKRIF

---

---

Deel XXII.

Oktober 1954.

No. 2.

---

---

---

## 'N GROOT UNIVERSITÊRE LEIER HET HEENGEAAN

---

Hy was 'n groot universitêre leier.

En dan dink ons in die eerste plek aan ons jong maar ryk geskakeerde volkslewe as volksuniversiteit.

Merkwaardig is dit dat hy o.a. vir sy arbeid op hierdie omvattende gebied 'n bekroning moes ontvang van 'n buitelandse universiteit, van ons suster-universiteit in Amsterdam, die Vrije Universiteit.

Luister maar na die woorde van prof. dr. J. Waterink, daardie groot vriend van ons P.U. vir C.H.O. en van ons Afrikaanse volk, woorde deur hom gebesig met die toekenning deur die Vrije Universiteit van 'n ere-doktoraat aan prof. J. C. van Rooy.

„Uiterst moeilik is het een tekening te geven van de grote betekenis, welke Johannes Cornelis van Rooy, in Zuid-Afrika algemeen bekend als prof. Joon van Rooy, voor zijn volk heeft gehad . . . . De rechtvaardiging voor het ere doctoraat van Joon van Rooy ligt niet in de eerste plaats in zijn wetenschappelijke onderzoekingen, ofschoon zijn verkeer in de universitaire kring van Zuid-Afrika stellig de diepste eerbied afdwingt; ook ligt de grond voor het Senaatsbesluit niet in het feit, dat Van Rooy op één enkel gebied van het kennen zich 'n groote naam heeft verworfen, ofschoon men in Zuid-Afrika aan alle universiteiten zijn naam kent en met ere noemt;

veeleer is het de grote betekenis, die Van Rooy gehad heeft voor de volksopvoeding in Zuid-Afrika, die de Senaat bracht tot zijn besluit . . . . om in het jaar van de Van Riebeeck-herdenking . . . . het stamverwant volk in Zuid-Afrika te eren . . door (ook) hem met grote verdiensten voor het volksleven, een ere-doctoraat te verlenen . . . . Het huidige nationale leven in Zuid-Afrika is zonder de arbeid van Van Rooy niet denkbaar”.

Nadat prof. Waterink sy bewerings met talryke illustrasies gestaaf het, gaan hy voort: „Zo heeft Van Rooy als volksopvoeder zich gericht op het opheffen van het economisch leven, van het nationaal culturele leven en van het Christeljk schoolleven. En bij al deze inspannende arbeid . . . heeft Van Rooy het niet gelaten. Diep in zijn ziel leeft het besef, dat het werk op economisch, cultureel en paedagogisch gebied alleen dan zin zou hebben, wanneer de Afrikaners, uiteengeslagen door allerlei historiese gebeurtenissen en door tallose misverstanden, weer verenigd zouden worden in het besef, dat zij allen tesamen een nationale roeping hebben”.

Nadat die spreker hierdie volksverenigende dade en invloed van prof. Joon van Rooy beskryf het, gaan hy voort: “In dit werk blyjt meer dan in enig ander, hoe Joon van Rooy de Afrikaner is, die diep zijn nationaal gevoel beleeft, maar die wars is van alle scherpslijpery. Hij is ’n man met idealen, hij is ’n man gedragen door de consequentie van zijn eigen ideaal, maar dit ideaal is de eenheid en daarom spreek in zijn optreden altijd de liefde tot ieder lid van zijn volk. Is het wonder dat Van Rooy door zijn eigen volk en in zijn eigen kring op de handen wordt gedragen? . . . . Voor de volksopvoeding van Zuid-Afrika heeft hij . . . . oneindig meer betekenit dan zij, die op een afstand van het broedervolk in het Zuiden van Afrika horen, ook maar in de verte kunnen bevroeden . . . . Hy heeft meegewerkt aan de weer publiek wording, aan de publicatie van de ziel van Zuid-Afrika, hij heeft weer ontdekt de volkskracht, van het boerenfolk tussen Kaappunt en de Zoutpansberg”.

Slegs enkele uittreksels van hierdie besielende rede het ek gegee en gedeeltes wat betrekking het op prof. Van Rooy se spesifiek universitêre arbeid het ek nie weergegee nie, omdat dit hieronder behandel word. Van hierdie rede gee ek nog net die slotwoorde van prof. Waterink.

„Onze God, Die U tot zo rijke Zegen stelde voor het volk van Zuid-Afrika, geve U verder zijn genade en krachten naar lichaam en geest, dat Gij veel moogt blyven arbeiden, niet alleen voor Uw universiteit, die ik gaarne met Uw onderscheiding gelukwens, maar ook voor volk en kerk onder de zon van Zuid-Afrika”.

Hierdie woorde is gesprek op 20 Oktober 1952.

Op 29 Augustus 1954, byna twee jaar later, is hierdie groot leier van die universiteit van ons volkslewe ons ontval.

\* \* \*

Hy was op inter-universitêre gebied in ons land 'n groot leier. Waar hy met leidende figure van diverse universiteite offisieel, offisieus of persoonlik in aanraking gekom het, is altyd met volle erkentlikheid en waardering na hom geluister. Sy woord het gewig gedra.

Maar veral op die Universiteit van Suid-Afrika wat met die inkorporasie van ons P.U.K. in 1921 uit vyf universiteitskolleges bestaan het, het 'n kragtige invloed van hom uitgegaan. Instellinge van nuwe kursusse en skepping van nuwe fakulteite (i.c. van Sosiale Wetenskappe en van Teologie) is veral ook aan sy besliste leiding te danke.

Gedurende die tydperk waarin die P.U.K. 'n konstituerende universiteitskollege van die Universiteit van Suid-Afrika was, was hy herhaaldelik voorsitter van verskillende studiekomitees en dekaan van drie fakultiete, nl. van Lettere en Wysbegeerte, van Sosiale Wetenskappe en van Teologie; van 1944 tot 1946 was hy voorsitter van die Senaat van hierdie universiteit; ook was hy lid van die Raad van hierdie inrigting. Hierdie kort en droë opsomming bestaan uit woorde wat betrekkings aandui. Maar wie die samestelling en werking van die Universiteit van Suid-Afrika ken, wie hom kan inlewe in 'n liggaam wat uit soveel verskillende universiteitskolleges bestaan, waarvan elk sy besondere lewensrigting en universitêre uitkyk het, sal aan die een kant besef hoeveel en hoe groot vertrouwe in prof. Joon van Rooy gestel is, dat hy in al hierdie betrekkings gekies is en aan die ander kant hoe moeilik dit is om die verpligtings in hierdie betrekkings met welslae te behartig. Juis hier het van hom as leier 'n kragtige invloed uitgegaan en het hy met sy bekende wysheid en takt verstaan om al die botsende belange so te koördineer dat—in sover dit van hom afgehang het—die samewerking in hierdie universiteit aangenaam en harmonies was. Vir wat hy in die Universiteit van Suid-Afrika gedoen het word hy allerweë geëer. Hy het veral ook hier met sy buitengewone gawes van leierskap en met die oortuigende krag van sy redenaarstalent, met sy so bekende mensliewendheid en eerlikheid, 'n kragtige en belangrike bydrae tot die ontwikkeling van hierdie universiteit gelewer.

\* \* \*

Sy besondere organisasietalente waarvan die Universiteit van Suid-Afrika soveel vruggebruik geniet het, het veral ons P.U.K. en nou ons P.U.

vir C.H.O., ten goede gekom. Dit is uiters moeilik om die groot betekenis van prof. Joon van Rooy vir ons inrigting by benadering na waarde te skat.

Dit is maklik om die baie betrekkings op te som wat hy aan ons universiteit beklee het, ook al is so'n opsomming uiteraard droog.

Hy was van verskillende departemente hoof gewees, o.a. van Wysbegeerte en Sielkunde, van Sosiologie, van Godsdienstilosofie, Godsdienwetenskap en Teologiese Etiek.

Hy was registrateur van 1928 tot 1937. In hierdie verband gee ek 'n sitaat van die huidige registrateur geneem uit die Gedenkprogram met die selfstandigwording van ons universiteit uitgegee: „In 1936 was daar alreeds 329 studente ingeskryf, en as in aanmerking geneem word dat prof. Van Rooy nog steeds voltyds doseerwerk onderneem het, kan 'n beeld gevorm word van die fenomenale taak wat geslaagd uitgevoer is”.

Hy was dekaan van die fakulteite van Lettere en Wysbegeerte, van Sosiale Wetenskappe en van Teologie. Die laaste twee fakulteite is veral deur sy bemoeiinge gestig.

Hy was sekretaris van die Raad en die Senaat van 1938 tot 1948 en ondervoorsitter van die Senaat van 1942 tot hy prof. dr. F. Postma as rektor opgevolg het. Hy was rektor van ons universiteit totdat hy prof. dr. J. D. du Toit as kanselier van ons universiteit opgevolg het en was nog kanselier tot hy vir hoër dienste opgeroep is.

Ook as universitêre leier en nie net as volksleier nie, het prof. Joon van Rooy 'n veelbewoë en invloedryke lewe gehad. Hy het as universitêre leier sy uitnemende organisatoriese talente ten beste gegee en 'n werkkrag openbaar wat menigeen verbaas het. Ook hier was sy lewensleuse: diens.

Maar wat ek tog besonderlik in hierdie verband wil beklemtoon is die persoonlike kant van sy leiding en diens. Hy het nie hoog op 'n voetstuk sy plek ingeneem as hy as leidsman en raadgever, as vermaner en betigter, as byeenbrenger en harmoniseerder van botsende belange opgetree het nie. Hy het elkeen as 't ware as sy gelyke behandel en elkeen kon sy wense, sy ideale, sy wenke, sy vraagstukke, sy node, sy tekortkominge en wat ook al met prof. Joon bespreek as vriend. Hy was ook algar se vriend en van algar die vertroueling. Juis daarin was sy besondere krag geleë en kon hy met sy bekende takt en wysheid universitêre rigter en koersbepaler wees in sover die stuurwiel van ons universiteitskip in sy hande was. As kollegas kan ons ook van hom sê wat die voorsitter van ons Raad, ds. H. J. R. du Plessis, in ons Gedenkboek van prof. Postma gesê het: „Ons sal hom baie mis. 'n Christen, vriend en broeder, 'n raadsman en 'n leidsman het ons

ontval. 'n Man ten volle beproef en wat ons ten volle vertrou het, het God weggeneem”.

\* \* \*

Johannes Cornelis van Rooy is gebore op 9 Julie 1890 in die distrik Steynsburg. Sy skoolopleiding het hy in Steynsburg ontvang. Sy hoër onderwys het hy geniet aan die Literariese Departement van die Teologiese Skool, Potchefstroom. In 1913 het hy die B.A.-graad en deur private studie in 1920 die M.A.-graad in Wysbegeerte behaal. Intussen het hy ook die Kandidaatseksamen in die Teologie aan die Teologiese Skool alhier afgelê. In 1927-8 het hy die doktorale eksamen in Wysbegeerte aan die Vrije Universiteit van Amsterdam afgelê. Omdat sy kragte hier nodig was kon hy nie langer in Amsterdam vertoef om aldaar te promoveer nie. Hy wou egter sy ideaal om aan die Vrije Universiteit te promoveer nie prysgee nie en het na sy terugkoms van Holland hard gewerk aan 'n proefskrif oor die Stryd tussen Idealiste en Realiste in die Engelse Wysbegeerte. Maar die praktiese lewe was hom te magtig. Alhoewel hy met hierdie studie baie ver gevorder was het hy die onderneming moes staak, nie alleen omdat naas sy verpligtinge as dosent sy universitêre loopbaan soveel veral organisatoriese eise aan hom gestel het nie, maar omdat die groter universiteit van die volksoopvoeding, waarna prof. Waterink so duidelik verwys, dringende aanspraak op sy tyd en kragte gemaak het. In 1952 het die Vrije Universiteit egter van sy kant hom met 'n ere-doktorsgraad vereer, 'n eerbewys wat 'n welverdiende bekroning vir al sy arbeid, ook veral vir sy universitêre arbeid, was.

Hy was in die wetenskappe breed onderlê. Tereg sê prof. S. du Toit (in *Koers*, Jun. 1950): „'n Mens verbaas jou oor die gemak waarmee hy op sulke uitlopende terreine as die van Filosofie, Staatsleer, Sosiologie, Maatskappelijke Werk en Teologie beweeg het. Skrywer hiervan het by prof. Van Rooy sy eerste onderrig ontvang in Sielkunde en Wysbegeerte en sal die indrukke wat hy opgedoen het, nooit vergeet nie”. Ook ondergetekende het vir sy M.A. in Wysbegeerte lesings van prof. Van Rooy gevolg. Algar wat onder hom gestudeer het sal getuig van die deeglikheid van sy werk en daarvan dat sy kolleges van begin tot end geboei het, dat hy die kuns verstaan het om die moeilike verstaanbaar weer te gee, skerpe prinsipiële lyne te trek en deur te trek en dat hy geesdrif asook ideale by sy studente verwek het. Sy kostelike redenaarstalente het sy kolleges met 'n glans versier.”

Verskillende studente het onder sy leiding met welslae die grade in M.Div. en M.A. behaal met waardevolle verhandelings op die gebied van Teologie, Sosiologie en Maatskappelijke Werk, respektiewelik. Maar spesiaal wil ek tog beklemtoon die besonder hoogstaande en belangrike proefskrif van dr. J. H. Coetzee oor die Barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 'n proefskrif onder die leiding van prof. Van Rooy begin en voltooi, 'n studie wat sy promotor tot besondere eer strek.

Self het hy nie veel geskryf nie. Tog het in verskillende tydskrifte belangrike bydraes van hom verskyn. Hiervan publiseer ons in hierdie uitgawe van *Koers* twee, een wat hy aan die begin van sy professorale loopbaan gegee het en een wat slegs 'n paar jaar voor sy dood verskyn het. Hierdie bydraes getuig van sy geleerdheid en veral ook van sy diepe oortuigtheid van die noodsaaklikheid dat die wetenskap „in u lig” beoefen moet word. Hulle spreek vir hulle self.

Voorts het hy deelgeneem aan die oprigting en redigering van verskillende tydskrifte in ons land, waarvan ek die volgende neem: *Fac et Spera*, *De Jonge Calvinist*, *Jong Suid-Afrika*, *Die Banier*, *Die Saaier*, *Die Veteraan*, *Inspan* en *Koers*.

Veral ook weens die kragte en tyd, die leiding en besieling wat Joon van Rooy aan *Koers* gegee het, bring die direksie en redaksie, die lede en die in-tekenaars asook die lesers van *Koers* aan hom dankbare hulde.

\* \* \*

En sy eggenote, mev. Lettie van Rooy, mag ons nie vergeet nie. Sy moes haar man met sy veelsydige take en sy veelomvattende verpligtinge baie baie afstaan. Sy het met haar bekende sagaardige gemoed, haar hulpbereidheid, haar stille sorg en haar onverbeterlike humorsin hom aan volk en universiteit afgestaan en juis daardeur hom bygestaan. Hoeveel sy hierin gegee het en indirek bygedra het tot wat haar eggenoot volbring het sal min mense besef. Ook aan u, Lettie van Rooy, ons hulde en dank. Ons, die direksie en redaksie en die lede van *Koers* betuig hiermee met u en u kinders ons innige meegevoel in u swaar verlies. Mag God u almal krag gee.

'n Groot leier het heengegaan! Ons dank God vir wat ons in hom gehad het!

H. G. STOKER.  
(Namens die Direksie en Redaksie van  
*Koers*).